# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 181 14 Augustus 2020

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**NET NOG 'N PLAASAANVAL????**

Wanneer plaasaanvalle nie net hulle nie, maar ook ons intens raak.

Hierdie plaasaanval het in ons gemeenskap plaasgevind en ons gemeenskap tot in sy fondamente geskud.

Ek wil met hierdie skrywe almal wat dit sou lees se aandag op die hoeveelste plaasaanval vestig en die ongelooflike trauma en emosionele skade wat daarmee gepaard gaan.

Kwart voor ses, Woensdag 5 Augustus 2020, ontvang ons 'n selfoonoproep met die boodskap dat van ons lidmate wat 'n paar kilometer buite Dendron op 'n plaas woon, tussen een en twee uur die oggend, oorval en ernstig beseer is. Die presiese aard van die beserings sou eers later vasgestel kon word, maar dat dit ernstig en gewelddadig was is verseker. Die beseerdes is afgevoer hospitaal toe waar ons net die man kon besoek as gevolg van Covid 19.

Terwyl ons oppad was hospitaal toe, het ons genoeg tyd gehad om met mekaar oor die lafhartige en brutale aanval op goedgeaarde mense te praat en onsself emosioneel voor te berei op wat ons gaan sien en hoor. Pas twee weke gelede is ons gekonfronteer met die plaasaanval op Hartswater waarvan die mense aan Ronel goed bekend was. Weer eens, nog 'n lafhartig en barbaarse aanval met die opset om ernstig te beseer. Een van die drie slagoffers 'n 98 jarige dame wat alles moes beleef en aanskou.

Gevoelens van totale magteloosheid, hartseer, maar ook van woede en frustrasie pak 'n mens beet. Dit is dieselfde gevoelens wat die gemeenskap en lidmate ook ervaar en waaroor hulle met ons gepraat het.

Wat kan 'n mens in so 'n situasie vir mekaar sê: MAG GOD ONS BEWAAR! Wie op die Here bly vertrou, sal altyd vas bly staan. God sal regverdiges bewaar.

Daar lê 'n lang herstelproses vir beide voor, liggaamlik en emosioneel. Diep letsels is deur hierdie barbaarse optrede op drie weerlose mense, gelaat. Ons lidmate weet ons is daar om hulle te ondersteun en deur die herstelproses te help. Laat, kan ons die soort aanvalle op lidmate, wets-gehoorsame landsburgers en geliefdes nie net gelate aanvaar nie.

Drastiese optrede deur een en almal word gevra.

Ds. Wynand Rademeyer, Vivo/Dendron

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### HULP AAN VOLKSGENOTE

Volkshulp2000 en die **Vlinderfonds** wat albei volksgenote - ons mense - in nood help, het 'n ongekende toestroming in die laaste week ervaar van mense wat nie kos het nie en terselfdertyd het hulle skenkings van kos en geld in hierdie tyd opgedroog omdat skenkers ook sukkel. Die nood is geweldig hoog. Enige hulp en bydraes wat u kan gee vir hulp aan behoeftige en honger blanke mense in hierdie tye sal waardeer word. Kontak asseblief Corrie du Plessis by Volkshulp2000 (082-682-7454, 012-755 -8201) en Renette du Plessis (082-896-8906 lepl@mweb.co.za ).

Ons gee ook die bankbesonderhede.

**Vlinderfonds**
Bankrekening Standard bank.
Rek nommer: 271240490. Verwysing nommer: 01544556342. (U moet asseblief hierdie verwysing gebruik)

**Volkshulp2000**:
ABSA rek no 0010176514
(Takkode 632005)

### BONDSVERGADERING

Die volgende self-verklarende brief is van die skriba ontvang rakende die Bondsvergadering. Die besluit geneem in 2019 blyk al hoe meer 'n wyse besluit te gewees het.

GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES

VOORSITTER: Dr J Otto
SEKRETARIS: Ds FNS Marais
Zonderwaterweg; Cullinan 1000
Posbus 202; Cullinan 1000
Tel: 082 838 6303

BONDSVERGADERING 2020

Die *bestuur van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes het in die lig van die huidige omstandighede, die struktuur en aanbieding van die 2020 Bondsvergadering onder bespreking geneem en tot die volgende gevolgtrekking gekom:*

*In die lig van die COVID-19 pandemie en die invloed wat dit op byeenkomste en reis-reëlings het, word die volgende wysiging aangaande die formaat van die 2020 Bondsvergadering aanvaar:*

*1. Aangesien elektroniese vergaderings reeds in die GHG as geldig en aanvaarbaar beskou word, sal die 2020 Bondsvergadering elektronies geskiet.*

*2. Aangesien alle afgevaardigdes nie oor die nodige internetkonneksies beskik om die vergadering deur middel van ‘n platvorm soos ‘Zoom’ aan te hoor nie, sal die volgende werkswyse gevolg word:*

** Die volledige Agenda sal aan alle kerkrade / verenigings versend word.*

** Kerkrade / verenigings kry tyd tot 25 Oktober 2020 om kommentaar en voorstelle te maak rakende die inhoud van die Agenda.*

** Die Agenda word vergesel van ‘n dokument van goedkeuring wat deur elke kerkraad / vereniging voltooi moet word en teen 25 Oktober 2020 aan die skriba versend moet word.*

*‘n Notule word saamgestel en deur die bestuur goedgekeur tydens die bestuursvergadering van Januarie 2021. Hierdie notule word dan aan alle kerkrade/ verenigings beskikbaar gestel.*

*Ons glo dat u begrip het vir hierdie reëlings en dat ons op u samewerking kan reken.*

*Mag u werksaamhede geseënd wees en mag ons Hemelse Vader se genade en liefde oor u elkeen die wag hou in hierdie onsekere tyd.*

**MAKWAS BYEENKOMS**

Premiermyn Dorkas laat weet: *Totdat daar groter duidelikheid is oor die stand van sake rakende COVID-19, plaas ons die Makwasbyeenkoms op die ys.*

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk ella@teamworkprinters.com

# KOM ONS ONDERSTEUN:




# VRYDAG 14 AUGUSTUS

Virtuele optog teen Plaasmoorde

Aangebied deur Laeveld Agrochem en TLU SA